MM 23

~~VERTROULIK~~

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE IN DIE VENDATUISLAND IN 1969

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRETORIA

1971

001.3072068 HSRC MM 23

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MM 23 | 39843/8 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

39843

VERTROULIK

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE IN DIE VENDATUISLAND IN 1969

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

001.3072068 HSRC MM 23

*108407*

2844363866

39843
BESTELLNUMMER
G

# VOORWOORD

Sedert 1967 is die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (voorheen die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing) op versoek van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Departement van Bantoe-onderwys besig met opnames van werkgéleenthede in die Bantoetuislande. Verslae oor werkgeleenthede in die Transkei, Witzieshoek, Ciskei, Natalse Bantoetuislande, Noord-Sothotuisland en die Shangana-Tsongatuisland is reeds gepubliseer en word nou gevolg deur die huidige verslag oor die Vendatuisland. Die verslag oor die Swazi-Bantoegebiede sal ook eersdaags vrygestel word.

'n Besondere woord van dank word gerig aan die beamptes van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, sonder wie se hulp hierdie navorsing onmoontlik sou gewees het.

PRESIDENT

INHOUD

| Paragraaf | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doelstellings met die ondersoek | 1 |
| 1.2 | Omskrywing van begrippe | 1 |
| 2 | METODE | 2 |
| 2.1 | Agtergrondsinligting | 2 |
| 2.2 | Ondernemingsopname | 2 |
| 2.3 | Opnamegebied | 3 |
| 3 | HUIDIGE WERKGELEENTHEDE | 3 |
| 3.1 | Werkgeleenthede volgens beroepsgroep | 3 |
| 3.2 | Werkgeleenthede volgens industriële sektor | 11 |
| 3.3 | Werkgeleenthede volgens kwalifikasievereistes | 13 |
| 4 | TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE BY BESTAANDE ONDERNEMINGS | 17 |
| 4.1 | Toekomstige werkgeleenthede volgens sektor | 17 |
| 4.2 | Toekomstige werkgeleenthede volgens beroepsgroep | 18 |
| 4.3 | Toekomstige werkgeleenthede volgens kwalifikasievereistes | 19 |
| 5 | ARBEIDSAANBOD EN WERKGELEENTHEDE | 19 |
| 6 | SLOT | 20 |
| | BYLAES | |
| | A Tabel van werkgeleenthede, gevulde poste vir subberoeps=groepe volgens bevolkingsgroep en geslag | |
| | B Tabel van huidige en toekomstige werkgeleenthede vir subberoepsgroepe | |

# TABELLE


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.1 | BEROEPE (HUIDIG EN TOEKOMSTIG) AANGETREF IN DIE VENDATUISLAND, VOLGENS BEROEPSGROEP | 4 |
| 3.2 | GEVULDE POSTE, ONGEVULDE POSTE EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP | 7 |
| 3.3 | GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP | 8 |
| 3.4 | GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP EN GESLAG | 9 |
| 3.5 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE PROFESSIONELE BEROEPSGROEP | 10 |
| 3.6 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE AMBAGTE | 10 |
| 3.7 | BEDRYFSTIPES WAT IN DIE VENDATUISLAND VOORKOM VOLGENS SEKTOR | 11 |
| 3.8 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR | 12 |
| 3.9 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN SEKTOR | 13 |
| 4.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES | 14 |
| 4.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN KWALIFI=KASIEVEREISTES | 15 |
| 4.3 | KWALIFIKASIEVEREISTES VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 16 |
| 5.1 | TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR | 17 |
| 5.2 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPS=GROEP SOOS DEUR WERKGEWERS AANGEDUI | 18 |
| 5.3 | TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES | 19 |

WERKGELEENTHEDE IN DIE VENDATUISLAND IN 1969

# 1 INLEIDING

Die verslag oor werkgeleenthede in die Vendatuisland is die agste in 'n reeks wat oor werkgeleenthede in die Bantoetuislande handel. In die eerste verslag van hierdie reeks naamlik Werkgeleenthede in die Transkei, is die algemene uitgangspunte, agtergrond, probleemstelling en metode volledig behandel en word gevolglik nie weer in hierdie verslag uiteengesit nie. Punte wat nodig is vir die interpretering van die gegewens, word egter kortliks aangestip.

## 1.1 DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

Die doelstellings met die ondersoek is drieledig, naamlik -

(a) die bepaling van die huidige en toekomstige werkgeleenthede in die Vendatuisland,

(b) die bepaling van die kwalifikasievereistes wat vir bogenoemde werkgeleenthede geld, en

(c) om 'n raming te maak van daardie gedeelte van die ekonomies bedrywige bevolking wat in dié tuisland deur die beskikbare werkgeleenthede buite die landbou geabsorbeer kan word.

## 1.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

### 1.2.1 Werkgeleenthede

Die getal gevulde plus ongevulde poste wat op 'n sekere tydstip by 'n onderneming bestaan, word vir die doel van hierdie verslag as werkgeleenthede beskou. 'n Werkende eienaar word beskou as 'n bekleër van 'n pos.

### 1.2.2 "Huidig" en "toekomstig"

Die begrip "huidig" dui op die tydstip wanneer die opname gemaak is, naamlik Maart 1969, terwyl "toekomstig" dui op 'n 5-jaarperiode, van datum van opname tot en met Maart 1974.

### 1.2.3 Kwalifikasievereistes

Met kwalifikasievereistes word bedoel die minimum kwalifikasies

(skolasties en/of beroepsopleiding) waaroor 'n werknemer gewoonlik moet beskik om in 'n pos aangestel te word.

2 METODE

In die lig van die doelstelling het die algemene metode daaruit bestaan dat daar van agtergrondsinligting en 'n ondernemingsopname gebruik gemaak is.

2.1 AGTERGRONDSINLIGTING

Alvorens 'n veldwerker met sy opname in 'n distrik begin het, het hy eers die volgende inligting by die distriksamptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verkry:

(a) Die getal en soort ondernemings in die distrik,

(b) name en adresse van kerkgenootskappe wat in die distrik bedrywig is,

(c) 'n raming van die bevolkingsyfer (de jure en de facto), en

(d) die getal ekonomiese landbou-eenhede (indien moontlik).

2.2 ONDERNEMINGSOPNAME

2.2.1 Vraelys

Inligting wat deur veldwerkers ten opsigte van die werkgewer se organisasie deur middel van 'n vraelys (kyk vorige verslae vir 'n voorbeeld van vraelys) verkry is, is die volgende:

(a) Die verskillende beroepe in sy organisasie;

(b) die getal gevulde en ongevulde poste vir elke beroep;

(c) die verwagte uitbreiding van werkgeleenthede binne die volgende 5 jaar;

(d) die getal werkgeleenthede 5 jaar gelede en

(e) die minimum en ideale opvoedkundige kwalifikasies wat vir die verskillende beroepe (huidige en toekomstige poste), vereis word.

Veldwerk het in Maart 1969 plaasgevind. Slegs in die geval van kerkgenootskappe is daar van posvraelyste gebruik gemaak.

Met die uitsondering van die vraag oor die getal werkgeleenthede 5 jaar gelede asook die vraag oor die ideale kwalifikasievereiste, was die reaksie op die ander vrae bevredigend.

2.2.2 Steekproef

Die algemene metode om die totale werkgeleenthede te bepaal, was om 20 persent van alle ondernemings in die Vendatuisland waar die in= diensnemingspatroon min of meer eenvormig is, te betrek en as ver= teenwoordigend van die universum van sodanige ondernemings te beskou. Hierdie ondernemings was beperk tot kleinhandelaars, slaghuise, groentewinkels, kafees en eethuise. Alle ander ondernemings is vol= ledig in die opname betrek. Boerderye in die tuisland, tuisnywerhede, nywerhede in grensgebiede en werkgewers van huisbediendes is nie in die opname betrek nie. Die ondernemings wat by die steekproef betrek is, se gemiddelde indiensneming is tot diê van die universum vergroot. Vir sover dit die indiensneming by kerkgenootskappe betref, is slegs daardie kerkgenootskappe wat reageer het, se gegewens gebruik.

2.3 OPNAMEGEBIED

Die opnamegebied het al die Bantoesakekommissarisdistrikte van die Vendatuisland ingesluit, naamlik: Sibasa, Louis Trichardt en Soek= mekaar.

3 HUIDIGE WERKGELEENTHEDE

3.1 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

Vir die doel van hierdie verslag is die beroepe wat in die Venda= tuisland aangetref is, in beroepsgroepe ingedeel. In tabel 3.1 volg 'n uiteensetting van die indeling van beroepe in beroepsgroepe. Die uitgangspunt in die spesifieke indeling is dat die groepering in 'n mate die opleiding sal weerspieël en terselfdertyd vergelykbaar sal bly met ander beroepsindelinge, byvoorbeeld die van die Departement van Statistiek en die indeling wat tans in die navorsing van die In= stituut vir Mannekragnavorsing gebruik word.

TABEL 3.1

BEROEPE (HUIDIG EN TOEKOMSTIG) AANGETREF IN DIE VENDATUISLAND, VOLGENS BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep (Hoofletters) en subberoepsgroep (kleinletters) | Beroepe aangetref in die Vendatuisland |
|---|---|
| PROFESSIONELE WERKERS | |
| Natuurwetenskaplikes en agronome | Agronoom |
| Medici, tandartse en paramediese werkers | Medikus, apteker, fisioterapeut, arbeidsterapeut |
| Verplegingsberoepe | Verpleegster, verplegingslektrise, leerlingverpleegster, hospitaalmatrone, verplegingsassistent |
| Tegnici en tegniese assistente | Tegnikus (tekenaar, laboratoriumtegnikus, ander byvoorbeeld apteker by hospitaal) tegniese assistent (natrekker, ander) landbouvoorligter (semi-professioneel) en landboubeampte |
| Onderwysberoepe | Onderwyser (laer- en sekondêre skool) inspekteur, toesighouer |
| Regsberoepe en rekenmeesters | Regsassistent |
| Predikante en priesters | Predikant, priester, evangelis, geestelike werker, teologiese dosent |
| Skrywers, joernaliste en vertalers | Skrywer, joernalis, vertaler |
| Sosiale werkers | Sosioloog, sosiale werker |
| BESTURENDE, ADMINISTRATIEWE EN UITVOERENDE BEROEPE | |
| Uitvoerende en administratiewe beroepe (owerheid) | Verkose beampte, hoëvlak administratiewe beampte, hoëvlak uitvoerende beampte, skoolraadsekretaris |
| Bestuursberoepe | Hoëvlak administratiewe beampte (nie-staat) byvoorbeeld hospitaalsekretaris, bestuurder, werkende eienaar |
| KLERKLIKE WERKERS | |
| Boekhouers, ensovoorts | Boekhouer, rekenmeester en ouditeur (nie-geregistreer), kassier |
| Tiksters, snelskriftiksters | Tikster, snelskriftikster |
| Klerke | Klerk, ontvangsdame |

(Tabel vervolg op bladsy 5)

TABEL 3.1 (VERVOLG)

| Beroepsgroep en subberoepsgroep | Beroepe aangetref in die Vendatuisland |
|---|---|
| VERKOOPSWERKERS | |
| Handelsreisigers | Handelsreisiger, ~~ensovoorts~~ |
| Toonbankassistente, ensovoorts | Toonbankassistent, smous, petroljoggie, propagandis |
| MYN- EN STEENGROEFWERKERS | |
| Mynwerkers | Myner |
| VERVOER- EN KOMMUNIKASIEWERKERS | |
| Padvervoerwerkers | Bus-, motor-, vragmotor- en trekkerbestuurder, kaartjiesondersoeker, afleweringsen- en drywerassistent |
| Kommunikasiewerkers | Telefonis, bode |
| DIENSWERKERS | |
| Polisie en verwante werkers | Polisie (alle range), veld- en boswag, nag-, deur- en hekwag, voertuigtoesighouer |
| Losieshuis en verwante werkers | Sjef, kok, huishoudkundige matrone, alle werkers in kombuise, met linne en in toesighoudende hoedanighede, kroegman, kelner, halfopgeleide hotelbediende |
| Diverse werkers in dienshoedanigheid | Opsigter |
| AMBAGSMANNE EN VAKLEERLINGE | |
| Ambagsmanne<br>Vakleerlinge<br>Ongekwalifiseerde ambagsmanne | Gekwalifiseerde en ongekwalifiseerde ambagsmanne en vakleerlinge in die volgende ambagte<br>(a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte<br>Passer en draaier, motorwerktuigkundige, elektrisiën<br>(b) Bou- en meubelambagte<br>Bouer, pleisteraar, messelaar, timmerman en skrynwerker, skilder, loodgieter, faktotum (nie-gekwalifiseerd)<br>(c) Toesighoudende ambagte<br>Voorman van werke, ambagsvoorman |

(Tabel vervolg op bladsy 6)

TABEL 3.1 (VERVOLG)

| Beroepsgroep en subberoepsgroep | Beroepe aangetref in die Vendatuisland |
|---|---|
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDES | |
| Operateurs en halfgeskooldes | Voorman, toesighouer, stootskraper- en hyskraanoperateur, kleremaker, naald=werkster, pad- en dipbakwerker, half=geskoolde ingenieurs- of ambagsassistent, assistent vir ambagsmanne wat spesiale indiensopleiding moes ontvang of tegnie=se kursusse voltooi het |
| ARBEIDERS | |
| Arbeiders | Alle arbeiders behalwe plaasarbeiders werksaam buite die owerheidsektor |

In tabel 3.2 volg 'n uiteensetting van die getal gevulde en ongevulde poste en werkgeleenthede volgens beroepsgroep. 'n Fynere verdeling van gevulde en ongevulde poste volgens subberoepsgroepe word in by= laag A en B gegee. As gevolg van afronding kom die totale persenta= sies nie altyd op 100.0 te staan nie. Gevolglik word die totale persentasie in al die tabelle as 100 aangedui.

TABEL 3.2

GEVULDE POSTE, ONGEVULDE POSTE EN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Totaal : werk= geleenthede | | Persentasiever= deling van werk= geleenthede vol= gens beroeps= groep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Ge= tal | % | Getal | % | |
| Professionele werkers | 1326 | 92.5 | 108 | 7.5 | 1434 | 100 | 27.6 |
| Besturende, administra= tiewe en uitvoerende werkers | 290 | 99.7 | 1 | 0.3 | 291 | 100 | 5.6 |
| Klerklike werkers | 241 | 72.2 | 93 | 27.8 | 334 | 100 | 6.4 |
| Verkoopswerkers | 634 | 100 | - | - | 634 | 100 | 12.2 |
| Myn- en steengroef= werkers | 3 | 100 | - | - | 3 | 100 | 0.1 |
| Vervoer en kommunika= siewerkers | 174 | 96.1 | 7 | 3.9 | 181 | 100 | 3.5 |
| Dienswerkers | 108 | 99.1 | 1 | 0.9 | 109 | 100 | 2.1 |
| Ambagsmanne en vak= leerlinge | 45 | 52.9 | 40 | 47.1 | 85 | 100 | 1.6 |
| Operateurs en half= geskooldes | 127 | 95.5 | 6 | 4.5 | 133 | 100 | 2.6 |
| Arbeiders | 1973 | 99.4 | 12 | 0.6 | 1985 | 100 | 38.3 |
| TOTAAL | 4921 | 94.8 | 268 | 5.2 | 5189 | 100 | 100 |

Dit blyk uit tabel 3.2 dat daar in 1969, 5 189 werkgeleenthede (gevulde en ongevulde poste saam) in die Vendatuisland bestaan het. Die meeste werkgeleenthede is vir arbeiders, naamlik 1 985 werkgeleenthede of 38.3 persent van die totale werkgeleenthede. Professionele werkers het die tweede meeste werkgeleenthede, naamlik 1 434 werkgeleenthede (27.6 persent) terwyl die derde mees= te werkgeleenthede vir verkoopswerkers, 634 werkgeleenthede (12.2 persent) is.

Vir ongevulde poste is daar in die hiersiende vraelys geen ras- of geslagsverdeling verlang nie; gevolglik word daar in tabelle 3.3 en 3.4 so 'n verdeling ten opsigte van die gevulde poste gegee. Die woord "Nie-Blank" dui hoofsaaklik op Bantoe aangesien alle werkgeleenthede in die Bantoetuislande potensieel werkgeleenthede vir die Bantoe is.

TABEL 3.3

GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPS- EN BEVOLKINGSGROEP

| Beroepsgroep | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 67 | 38.3 | 1259 | 26.5 | 1326 | 27.0 |
| Besturende, administratiewe en uitvoerende werkers | 22 | 12.6 | 268 | 5.7 | 290 | 5.9 |
| Klerklike werkers | 44 | 25.1 | 197 | 4.2 | 241 | 4.9 |
| Verkoopswerkers | 14 | 8.0 | 620 | 13.1 | 634 | 12.9 |
| Myn- en steengroefwerkers | 3 | 1.7 | - | - | 3 | 0.1 |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers | 4 | 2.3 | 170 | 3.6 | 174 | 3.5 |
| Dienswerkers | 11 | 6.3 | 97 | 2.0 | 108 | 2.2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 7 | 4.0 | 38 | 0.8 | 45 | 0.9 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 3 | 1.7 | 124 | 2.6 | 127 | 2.6 |
| Arbeiders | - | - | 1973 | 41.6 | 1973 | 40.1 |
| TOTAAL | 175 | 100 | 4746 | 100 | 4921 | 100 |

Uit tabel 3.3 blyk dit dat 175 poste (3.6 persent) deur Blankes gevul word terwyl 4 746 poste (96.4 persent) deur Nie-Blankes gevul word. Van die 175 poste wat deur Blankes gevul word, is 67 poste (38.3 persent) vir professionele werkers, 44 poste (25.1 persent) vir klerklike werkers en 22 poste (12.6 persent) vir ~~die~~ besturende, administratiewe en uitvoerende werkers. Vir sover dit die Nie-Blanke gevulde poste betref, blyk dit dat die meeste gevulde poste (1 973 of 41.6 persent van die totale getal gevulde poste) vir Nie-Blankes vir arbeiders is, gevolg deur professionele werkers met 1 259 (26.5 persent) en verkoopswerkers met 620 (13.1 persent) poste. Die professionele poste vir Nie-Blankes is hoofsaaklik vir onderwysberoepe (925 werkgeleenthede) en vir verplegingsberoepe (242 werkgeleenthede). Met die uitsondering van

die beroepsgroep "Myn-en-steengroefwerkers" waar die enkele poste (3) slegs deur Blankes gevul word, is die getal poste vir Nie-Blankes in al die ander beroepsgroepe meer as dié vir Blankes.

TABEL 3.4

GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP EN GESLAG

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 659 | 18.1 | 667 | 52.1 | 1326 | 27.0 |
| Besturende, administratiewe en uitvoerende werkers | 263 | 7.2 | 27 | 2.1 | 290 | 5.9 |
| Klerklike werkers | 227 | 6.2 | 14 | 1.1 | 241 | 4.9 |
| Verkoopswerkers | 473 | 13.0 | 161 | 12.6 | 634 | 12.9 |
| Myn- en steengroefwerkers | 3 | 0.1 | - | - | 3 | 0.1 |
| Vervoer- en kommunikasie-werkers | 172 | 4.7 | 2 | 0.2 | 174 | 3.5 |
| Dienswerkers | 61 | 1.7 | 47 | 3.7 | 108 | 2.2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 45 | 1.2 | - | - | 45 | 0.9 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 120 | 3.3 | 7 | 0.6 | 127 | 2.6 |
| Arbeiders | 1618 | 44.4 | 355 | 27.7 | 1973 | 40.1 |
| TOTAAL | 3641 | 100 | 1280 | 100 | 4921 | 100 |

Tabel 3.4 toon dat die verhouding van die getal gevulde poste vir mans en vroue ongeveer 3 : 1 is. In al die beroepsgroepe behalwe in die geval van "Professionele werkers" waar daar 667 gevulde poste (52.1 persent van die totale getal gevulde poste vir vroue) vir vroue is teenoor 659 gevulde poste (18.1 persent) vir mans, is daar in al die ander beroepsgroepe meer gevulde poste vir mans as vir vroue.

In tabelle 3.5 en 3.6 word 'n fynere verdeling van werkgeleenthede vir die professionele beroepsgroep en ambagsmanne gegee veral omdat hierdie beroepsgroepe 'n belangrike taak in die minder ontwikkelde gebiede vervul.

TABEL 3.5

WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE PROFESSIONELE BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Natuurwetenskaplikes en agronome | 4 | 0.3 |
| Medici, tandartse en paramediese werkers | 14 | 1.0 |
| Verplegingsberoepe | 307 | 21.4 |
| Tegnici en tegniese assistente | 31 | 2.2 |
| Onderwysberoepe | 949 | 62.2 |
| Regsberoepe en rekenmeesters | 4 | 0.3 |
| Predikante en priesters | 123 | 8.6 |
| Skrywers, joernaliste en vertalers | 1 | 0.1 |
| Sosiale werkers | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 1434 | 100 |

Die beroepsgroepe waarvoor daar die meeste werkgeleenthede in die professionele beroepsgroep (tabel 3.5) bestaan, is "Onderwysberoepe," 949 werkgeleenthede (62.2 persent), "Verplegingsberoepe", 307 werkgeleenthede (21.4 persent) en "Predikante en priesters", 123 werkgeleenthede (8.6 persent).

TABEL 3.6

WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE AMBAGTE

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Kw.(1) | Onkw.(2) | Vakl.(3) | Totaal | % |
| Passer en draaier | 1 | 1 | – | 2 | 2.4 |
| Elektrisiën | – | 1 | – | 1 | 1.2 |
| Motorwerktuigkundige | 3 | 4 | 14 | 21 | 24.7 |
| Bouer, messelaar, pleisteraar | – | 25 | – | 25 | 29.4 |
| Skrynwerker, timmerman | – | 10 | – | 10 | 11.8 |
| Skilder | – | 5 | – | 5 | 5.9 |
| Loodgieter | – | 3 | – | 3 | 3.5 |
| Faktotum | – | 2 | – | 2 | 2.4 |
| Ambagsvoorman | 12 | – | – | 12 | 14.1 |
| Ander | 4 | – | – | 4 | 4.7 |
| **TOTAAL** | 20 | 51 | 14 | 85 | 100 |

(1) Kw.-Gekwalifiseerde ambagsmanne

(2) Onkw.-Ongekwalifiseerde ambagsmanne

(3) Vakl.-Vakleerlinge

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Van die 85 werkgeleenthede wat daar vir ambagsmanne (tabel 3.6) bestaan, is meer as die helfte, naamlik 51 vir ongekwalifiseerde ambagsmanne dit wil sê ambagsmanne wat nie oor 'n formele kwalifi= kasie beskik nie. Die oorgrote meerderheid van die 20 werkgeleent= hede vir gekwalifiseerde ambagsmanne is vir ambagsvoormanne. Die werkgeleenthede in laasgenoemde beroepsgroep is staatsdiensposte wat tydens die opname nie gespesifiseer is nie. By navraag het ge= blyk dat hierdie poste hoofsaaklik vir bou-ambagsmanne is.

## 3.2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR

In tabel 3.7 volg 'n weergawe van die bedryfstipes volgens sektor wat in die Vendatuisland voorkom.

TABEL 3.7

BEDRYFSTIPES WAT IN DIE VENDATUISLAND VOORKOM, VOLGENS SEKTOR

| Sektor | Bedryfstipe |
|---|---|
| 1. Landbou, bosbou, jag en visvangs | Nie in opname betrek nie |
| 2. Mynbou en steengroewe | Slegs myne is aangetref en betrek |
| 3. Fabriekswese | Bakkerye, klerevervaardiging, verwerking van tekstielprodukte, kleremakerye, skrynwerkfirmas |
| 4. Konstruksie | Boukontrakteurs |
| 5. Elektrisiteit, gas en water | Geen |
| 6. Handel | Groot- en kleinhandelaars, slagters, garages, handelsbanke |
| 7. Vervoer, berging en kommunikasie | Busdienste, poskantoor |
| 8. Dienste | Hospitale, verpleeginrigtings, kerkgenootskappe, arbeidswerwings= organisasies, kafees, eethuise |
| 9. Owerheid | Bantoe-administrasie en -ontwikke= ling, ~~en~~ Bantoe-owerhede en Bantoe-onderwys |

TABEL 3.8

WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIëLE SEKTOR

| Sektor | Werkgeleenthede | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Mynbou en steengroewe | 114 | 2.2 |
| Fabriekswese | 36 | 0.7 |
| Konstruksie | 30 | 0.6 |
| Handel | 1223 | 23.6 |
| Vervoer, berging en kommunikasie | 68 | 1.3 |
| Dienste | 942 | 18.2 |
| Owerheid | 2776 | 53.5 |
| TOTAAL | 5189 | 100 |

Die sektore waarin die meeste werkgeleenthede voorkom (vergelyk tabel 3.8) is die volgende: "Owerheid" 2 776 werkgeleenthede of 53.5 persent van die totale werkgeleenthede, "Handel" 1 223 of 23.6 persent werkgeleenthede en "Dienste" 942 of 18.2 persent werk=geleenthede. Hierdie drie sektore saam is vir 95.3 persent van die totale werkgeleenthede verantwoordelik.

'n Uiteensetting van werkgeleenthede volgens sektor en beroepsgroep volg in tabel 3.9. Hieruit blyk dat met die uitsondering van die beroepsgroepe "Besturende en uitvoerende werkers", "Verkoopswerkers" en "Myn- en steengroefwerkers" daar vir al die ander beroepsgroepe meer werkgeleenthede in die owerheidsektor as in enige ander sektor bestaan. Vir professionele werkers en klerklike werkers tesaam, bestaan daar 1 231 (993+238) werkgeleenthede of 44.3 persent van die totale werkgeleenthede binne die owerheidsektor. Professionele werkers beskik oor byna die helfte van die werkgeleenthede in die dienste=sektor, naamlik 441 of 46.8 persent werkgeleenthede.

TABEL 3.9

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN SEKTOR

| Beroepsgroep | Sektor | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mynbou en steen= groewe | Fa= brie's= wese | Kon= struk= sie | Handel | Vervoer | Dienste | Ower= heid | Totaal |
| Professionele werkers | - | - | - | - | - | 441 | 993 | 1434 |
| Besturende, administratiewe en uitvoerende werkers | - | 4 | 1 | 227 | 1 | 15 | 43 | 291 |
| Klerklike wer= kers | 7 | 2 | - | 37 | 20 | 30 | 238 | 334 |
| Verkoopswerkers | - | - | - | 597 | - | 35 | 2 | 634 |
| Myn- en steen= groefwerkers | 3 | - | - | - | - | - | - | 3 |
| Vervoer- en kom= munikasiewerkers | 5 | 6 | - | 25 | 37 | 9 | 99 | 181 |
| Dienswerkers | - | - | - | 14 | - | 47 | 48 | 109 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 2 | 2 | 17 | 1 | 2 | 31 | 30 | 85 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 30 | 6 | - | 21 | 2 | 9 | 65 | 133 |
| Arbeiders | 67 | 16 | 12 | 301 | 6 | 325 | 1258 | 1985 |
| TOTAAL | 114 | 36 | 30 | 1223 | 68 | 942 | 2776 | 5189 |

## 3.3 WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES

In tabel 4.1 volg 'n weergawe in meer besonderhede van werkgeleenthede volgens kwalifikasievereistes. In tabel 4.2 word hierdie kwalifikasie= vereistes in kwalifikasiegroepe saamgegroepeer en met die verskillende beroepsgroepe vergelyk. Daarna volg tabel 4.3 waarin 'n Blank/Nie-Blank= verdeling van werkgeleenthede binne die genoemde kwalifikasiegroepe ge= gee word. By die interpretasie van hierdie gegewens moet in gedagte gehou word dat met die term kwalifikasievereistes bedoel word die mini= mum kwalifikasie waaroor 'n persoon moet beskik om in 'n pos aangestel te word.

TABEL 4.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES

| Kwalifikasievereistes | Werkgeleenthede | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Lees en skryf tot st. 5 | 989 | 19.1 |
| St. 6 (of vorm I of II) | 226 | 4.4 |
| St. 6 plus ambag (of gelykwaardig) | 8 | 0.2 |
| St. 6 plus onderwysdiploma | 528 | 10.2 |
| St. 6 plus ander beroepsopleiding (byvoorbeeld wewersopleiding) | 15 | 0.3 |
| J.S. (Juniorsertifikaat, st. 8, vorm III of IV) | 325 | 6.3 |
| J.S. plus ambag (of gelykwaardig) of NTS 1 of 2 | 22 | 0.4 |
| J.S. plus onderwysdiploma | 369 | 7.1 |
| J.S. plus verplegingskwalifikasies (kraam, algemeen, ens.) | 90 | 1.7 |
| J.S. plus ander opleiding (byvoorbeeld tegniese opleiding) | 82 | 1.6 |
| Matriek (st. 10, vorm V) | 245 | 4.7 |
| Matriek plus ambag (of gelykwaardig) of NTS 3 | 5 | 0.1 |
| Matriek plus onderwysdiploma | 39 | 0.8 |
| Matriek plus verplegingskwalifikasies | 10 | 0.2 |
| Matriek plus ander beroepsopleiding (byvoorbeeld in radiografie, teologie) | 35 | 0.7 |
| B-graad, algemeen (B.A., B.So., B.Com.) of gelykwaardig | 6 | 0.1 |
| Gespesialiseerde B.Sc. (Agric, Pharm., Ing., Landmeetk.) of gelykwaardig | 3 | 0.1 |
| M.B., Ch.B. of gelykwaardig | 13 | 0.3 |
| Geregistreerde prokureur, advokaat of gelykwaardig | 7 | 0.1 |
| B-graad plus onderwysdiploma | 13 | 0.3 |
| B-graad plus teologiese kwalifikasies | - | - |
| Enige toepaslike graad | 1 | 0.02 |
| Ongespesifiseer of slegs ondervinding | 162 | 3.1 |
| Geen opleiding | 1996 | 38.5 |
| TOTAAL | 5189 | 100 |

Kwalifikasievereistes (vergelyk tabel 4.1) soos deur werkgewers gestel, is in rangorde van voorkeur, soos volg: "Lees en skryf tot st. 5" (989 of 19.1 persent werkgeleenthede), "Juniorsertifikaat (in tabel J.S.) met of sonder beroepsopleiding (888 of 17.1 persent werkgeleenthede) en "St. 6 met of sonder beroepsopleiding (777 of 15.0 persent werkgeleenth de). Vir 'n B-graad gelykwaardig en hoër bestaan daar 43 werkgeleenthede. Meer as die helfte van laasgenoemde werkgeleenthede is vir geneeshere (13) en onderwysers (13) onderskeidelik.

TABEL 4.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN KWALIFIKASIEVEREISTES

| Beroepsgroep | Kwalifikasievereistes | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen opleiding | Lees en skryf tot st. 5 | St. 6 tot vorm II | St. 6 plus beroepsopleiding | J.S. tot vorm IV | J.S. plus beroepsopleiding | Matriek en gelykwaardig | Matriek plus beroepsopleiding | B-graad, gelykwaardig of hoër | Ongespesifiseer, vorige ervaring | Totaal |
| rofessionele werkers | - | 40 | - | 543 | 205 | 518 | 1 | 84 | 40 | 3 | 1434 |
| esturende, administratiewe en itvoerende werkers | - | 197 | 43 | - | 7 | 7 | 17 | 2 | 3 | 15 | 291 |
| lerklike werkers | - | 12 | 2 | - | 70 | 16 | 226 | 2 | - | 6 | 334 |
| erkoopswerkers | - | 514 | 114 | - | 5 | - | 1 | - | - | - | 634 |
| m- en steengroefwerkers | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | 3 |
| ervoer- en kommunikasiewerkers | - | 159 | 14 | - | 8 | - | - | - | - | - | 181 |
| enswerkers | 21 | 7 | 16 | - | 14 | - | - | - | - | 51 | 109 |
| bagsmanne en vakleerlinge | - | 6 | - | 8 | 14 | 14 | - | - | - | 43 | 85 |
| erateurs en halfgeskooldes | 7 | 47 | 37 | - | 1 | 7 | - | - | - | 34 | 133 |
| beiders | 1968 | 7 | - | - | - | - | - | - | - | 10 | 1985 |
| TAAL | 1996 | 989 | 226 | 551 | 325 | 563 | 245 | 89 | 43 | 162 | 5189 |

Kwalifikasievereistes wat vir professionele werkers (hoofsaaklik onderwysers en verpleegsters) die meeste in aanvraag is (tabel 4.2) is "St. 6 plus beroepsopleiding" (543 werkgeleenthede) en "Juniorsertifikaat plus beroepsopleiding" (518 werkgeleenthede).

Vir klerklike werkers is 'n kwalifikasie met matriek of gelykwaardig (226 werkgeleenthede) en juniorsertifikaat (70 werkgeleenthede) die mees gesogte kwalifikasies. Die rede vir die groot getal werkgeleent= hede (197) vir besturende en uitvoerende werkers wat oor 'n kwalifi= kasie van lees en skryf tot st. 5 moet beskik, is dat hierdie beroeps= groep hoofsaaklik uit werkende eienaars bestaan.

In tabel 4.3 volg 'n weergawe van kwalifikasievereistes volgens be= volkingsgroep.

TABEL 4.3

KWALIFIKASIEVEREISTES VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Kwalifikasievereistes | Werkgeleenthede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen opleiding | - | - | 1996 | 39.8 | 1996 | 38.5 |
| Lees en skryf tot st. 5 | 15 | 8.6 | 974 | 19.4 | 989 | 19.1 |
| St. 6 met of sonder beroeps= opleiding | 1 | 0.6 | 776 | 15.5 | 777 | 15.0 |
| J.S. met of sonder beroeps= opleiding | 48 | 27.4 | 840 | 16.7 | 888 | 17.1 |
| Matriek met of sonder be= roepsopleiding | 81 | 46.3 | 253 | 5.1 | 334 | 6.4 |
| B-graad en hoër | 15 | 8.6 | 28 | 0.6 | 43 | 0.8 |
| Ongespesifiseer, of vorige ervaring | 15 | 8.6 | 147 | 2.9 | 162 | 3.1 |
| TOTAAL | 175 | 100 | 5014 | 100 | 5189 | 100 |

Uit tabel 4.3 blyk dit dat die opvoedkundige kwalifikasies wat die meeste vir Blankes vereis word, matriek met of sonder beroepsop= leiding is (81 werkgeleenthede) terwyl die opvoedkundige kwalifi= kasie wat die meeste vir Nie-Blankes vereis word, 'n kwalifikasie van lees en skryf tot st. 5 is (974 werkgeleenthede).

Verder val dit op dat hoewel daar in die kwalifikasiegroeperings bo die st. 6-vlak meer werkgeleenthede vir Nie-Blankes as Blankes binne elke kwalifikasiegroepering bestaan, daar na verhouding meer

werkgeleenthede vir Blankes bestaan. So is daar byvoorbeeld in die kwalifikasiegroepering "Matriek met of sonder beroepsopleiding", 81 werkgeleenthede vir Blankes (of 46.3 persent van die totale werkgeleenthede vir Blankes) teenoor 253 werkgeleenthede vir Nie-Blankes (of 5.1 persent van die totale werkgeleenthede vir Nie-Blankes).

## 4. TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE BY BESTAANDE ONDERNEMINGS

### 4.1 TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS SEKTOR

In tabel 5.1 word 'n uiteensetting gegee van die verwagte groei in werkgeleenthede volgens sektor soos dit deur die ondernemers vooruitgeskat is.

TABEL 5.1

TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS INDUSTRIËLE SEKTOR

| Sektor | Werkgeleenthede | | Groeikoers % per jaar |
|---|---|---|---|
| | 1969 | 1974 | |
| Mynbou en steengroewe | 114 | 114 | - |
| Fabriekswese | 36 | 39 | 1.7 |
| Konstruksie | 30 | 30 | - |
| Handel | 1223 | 1273 | 0.8 |
| Vervoer, berging en kommunikasie | 68 | 68 | - |
| Dienste | 942 | 979 | 0.8 |
| Owerheid | 2776 | 3616 | 6.0 |
| TOTAAL | 5189 | 6119 | 3.6 |

Uit tabel 5.1 blyk dit dat die werkgeleenthede in die Vendatuisland in die 5-jaartydperk 1969-1974 sal uitbrei teen 'n gemiddelde liniêre groeikoers van 3.6 persent per jaar. Van al die sektore is dit slegs die owerheidsektor wat oor 'n noemenswaardige groeikoers, naamlik 6 persent per jaar beskik. Hierdie groeikoers sou miskien hoër vertoon het indien 'n vooruitskatting van arbeiders (S.A.B.T.) in die landboubedryf verkry kon word. Seisoenskommelinge maak dit volgens beamptes feitlik onmoontlik om 'n vooruitskatting in hierdie geval te waag.

## 4.2 TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

Die verwagte groei in werkgeleenthede volgens beroepsgroep, soos deur werkgewers aangedui, word in tabel 5.2 gegee.

TABEL 5.2

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP, SOOS DEUR WERKGEWERS AANGEDUI

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede | | Groeikoers % per jaar |
|---|---|---|---|
| | 1969 | 1974 | |
| Professionele werkers | 1434 | 2190 | 10.5 |
| Besturende, administratiewe en uit=voerende werkers | 291 | 301 | 0.7 |
| Klerklike werkers | 334 | 353 | 1.1 |
| Verkoopswerkers | 634 | 688 | 1.7 |
| Myn- en steengroefwerkers | 3 | 3 | - |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers | 181 | 185 | 0.4 |
| Dienswerkers | 109 | 121 | 2.2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 85 | 122 | 8.7 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 133 | 145 | 1.8 |
| Arbeiders | 1985 | 2011 | 0.3 |
| TOTAAL | 5189 | 6119 | 3.6 |

Volgens tabel 5.2 blyk dat daar by slegs twee beroepsgroepe 'n aansienlike groei in werkgeleenthede verwag word, naamlik by "Professionele werkers" (10.5 persent per jaar) en "Ambagsmanne en vakleerlinge" (8.7 persent per jaar). Die verwagte uitbreiding vir die 5 jaar-periode ten opsigte van professionele werkgeleent=hede is hoofsaaklik vir onderwysers (663 werkgeleenthede) en teg=nici en tegniese assistente (54 werkgeleenthede). Vir sover dit am=bagsmanne en vakleerlinge betref, sal daar veral 'n vraag na ambags=manne in die bou- en meubelbedryf ontstaan (huidige werkgeleenthede 4 en toekomstige werkgeleenthede 23). Toesighoudende poste vir ambagsmanne, wat tydens die opname nie gespesifiseer is nie, sal van 12 tot 29 werkgeleenthede uitbrei. By navraag het geblyk dat hier=die poste hoofsaaklik vir bou-ambagsmanne sal wees.

## 4.3 TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES

'n Weergawe van toekomstige werkgeleenthede volgens kwalifikasievereistes volg in tabel 5.3.

TABEL 5.3
TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES

| Kwalifikasievereistes | Werkgeleenthede | | Groeikoers % per jaar |
|---|---|---|---|
| | 1969 | 1974 | |
| Geen opleiding | 1996 | 2023 | 0.3 |
| Lees en skryf tot st. 5 | 989 | 1034 | 0.9 |
| St. 6 met of sonder beroepsopleiding | 777 | 1460 | 17.6 |
| J.S. met of sonder beroepsopleiding | 888 | 985 | 2.2 |
| Matriek met of sonder beroepsopleiding | 334 | 387 | 3.2 |
| B-graad en hoër | 43 | 61 | 8.4 |
| Geen of ongespesifiseer, of vorige ervaring | 162 | 169 | 0.9 |
| TOTAAL | 5189 | 6119 | 3.6 |

Uit tabel 5.3 blyk dat 'n kwalifikasievereiste van st. 6 met of sonder beroepsopleiding die hoogste groeikoers (17.6 persent per jaar) toon, met werkgeleenthede wat oor die 5-jaartydperk van 777 werkgeleenthede tot 1 460 werkgeleenthede sal uitbrei. Die kwalifikasievereiste met die tweede hoogste groeikoers (8.4 persent per jaar) is 'n B-graad en hoër waarvoor werkgeleenthede van 43 tot 61 werkgeleenthede sal toeneem. 'n Matriek met of sonder beroepsopleiding toon die derde hoogste groeikoers (3.2 persent per jaar) en in hierdie kwalifikasievereiste sal die getal werkgeleenthede van 334 tot 387 werkgeleenthede vermeerder.

# 5 ARBEIDSAANBOD EN WERKGELEENTHEDE

In 1969 het die de facto-bevolking van die Vendatuisland op 275 000 (mans en vroue) te staan gekom. Hierdie getal is op skattings van die Bantoesakekommissarisse in hierdie gebied gebaseer.

Om 'n aanduiding van die grootte van die ekonomies bedrywige deel

van die bevolking van die Vendatuisland te verkry (geen gegewens hieromtrent is tot dusver beskikbaar nie) kan as volg te werk gegaan word: In 1960 was die verhouding van die Ciskeise ekonomies bedrywige bevolking tot die totale bevolking van die Ciskei, 1:3.58. Aangesien daar vir die Ciskeise Bantoes heelwat werkgeleenthede in grensgebied**areas** bestaan, kan hierdie verhouding nie op die bevolking van die Vendatuisland toegepas word nie weens die feit dat die land=boupotensiaal van hierdie tuisland veel hoër as die van die Ciskei is en verder beskik die Vendatuisland nog nie oor dieselfde werkge=leentheidspotensiaal in grensgebiedareas as die Ciskei nie. 'n Ver=houding van 1 : 3 vir die Vendatuisland behoort dus nie onrealisties te wees nie. Indien hierdie verhouding op die totale bevolking van die Vendatuisland (275 000 in 1969) toegepas word, kom dit daarop neer dat daar in 1969 om en by 92 000 ekonomies bedrywige Bantoes hulle in hierdie tuisland bevind het. In 1969 het daar volgens dié opname, 5 189 werkgeleenthede in dié tuisland bestaan. Dit beteken dat daar in 1969 ongeveer 87 000 Bantoes (die verskil tussen 92 000 en 5 189) in hierdie tuisland 'n heenkome in die landboubedryf en in 'n grensgebiedarea wat hierdie tuisland bedien, sou moes vind.

Geen syfers betreffende die landboupotensiaal van die Vendatuisland as sulks is beskikbaar nie en gevolglik is dit nie moontlik om deur middel van inkomstekategorieë (soos in sekere vorige verslae) 'n aan=duiding te gee van hoeveel van die ekonomies bedrywige Bantoes in die landboubedryf 'n heenkome kan vind nie.

## 6 SLOT

Hierdie verslag is die resultaat van 'n werkgeleentheidsopname wat in 1969 in die Vendatuisland onderneem is. Die belangrikste bevindings is die volgende:

(a) Volgens die opname het daar in 1969 'n totaal van 5 189 werk=geleenthede in hierdie tuisland bestaan. Die werkgeleenthede in die landboubedryf is met uitsondering van werkgeleenthede by die landbouprojekte wat deur die owerheid onderneem word, nie opgeneem nie.

(b) Die meeste van hierdie werkgeleenthede bestaan vir die volgende beroepsgroepe: "Arbeiders" 1 985 (38.3 persent) werkgeleent=hede en "Professionele werkers" 1 434 (27.6 persent) werk=geleenthede. Die werkgeleenthede vir professionele werkers is

hoofsaaklik vir onderwysers (949 werkgeleenthede) en vir verplegingsberoepe (307 werkgeleenthede).

(c) Van die totale werkgeleenthede (5 189) is 4 921 of 94.8 persent poste gevul. Van hierdie gevulde poste word slegs 175 (3.6 persent) deur Blankes gevul ten opsigte van wie die volgende beroepsgroepe die meeste werkgeleenthede bied: "Professionele werkers" 67 (38.3 persent) werkgeleenthede en "Klerklike werkers" 44 (25.1 persent) werkgeleenthede. In die gevulde poste vir Nie-Blankes bestaan die meeste werkgeleenthede in die volgende beroepsgroepe: "Arbeiders" 1 973 (41.6 persent) werkgeleenthede, "Professionele werkers" 1 259 (26.5 persent) werkgeleenthede (hoofsaaklik onderwysers- en verplegingsberoepe) en "Verkoopswerkers" 620 (13.1 persent) werkgeleenthede.

(d) In gevulde poste is daar vir mans 3 641 (74 persent) werkgeleenthede teenoor 1 280 (26 persent) vir vroue. Die werkgeleenthede vir mans in hierdie poste is hoofsaaklik vir arbeiders, onderwysers en verkoopswerkers terwyl dit vir vroue merendeels vir onderwyseresse, verpleegsters en arbeiders is.

(e) Die owerheidsektor bied die meeste werkgeleenthede, naamlik 2 776 (53.5 persent) gevolg deur die handel met 1 223 (23.6 persent) en die dienstesektor met 942 (18.2 persent) werkgeleenthede.

(f) Vir 2 158 (1 996+162) of 41.6 persent van die totale werkgeleenthede word geen opvoedkundige kwalifikasie vereis nie. Vir die genoemde 162 werkgeleenthede word hoofsaaklik ondervinding as kwalifikasie gestel. Vir die oorblywende 3 031 (58.4 persent) werkgeleenthede word opvoedkundige kwalifikasies gestel wat wissel tussen lees en skryf tot 'n B-graad en hoër.

(g) Die bestaande werkgeleenthede binne die volgende kwalifikasiegroeperings is soos volg: lees en skryf tot 'n st. 6 met of sonder beroepsopleiding, 1 766 (34 persent) werkgeleenthede, juniorsertifikaat tot vorm IV met of sonder beroepsopleiding, 888 (17.1 persent) werkgeleenthede en matriek met of sonder beroepsopleiding, 334 (6.4 persent) werkgeleenthede.

Vir 'n B-graad gelykwaardig of hoër is daar slegs 43 (0.8 persent) werkgeleenthede.

(h) Hoewel daar vir Nie-Blankes binne die kwalifikasiegroeperings

bo die st. 6-vlak meer werkgeleenthede as vir Blankes is, bestaan daar na verhouding bo hierdie kwalifikasievlak veel meer werkgeleentehede vir Blankes as vir Nie-Blankes.

(i) Werkgewers voorsien dat werkgeleenthede by bestaande ondernemings sal uitbrei teen 'n gemiddelde liniêre groeikoers van 3.6 persent per jaar.

(j) Indien al die werkgeleenthede in die Vendatuisland (5 189) as potensiële werkgeleenthede vir Bantoes beskou word, sal dit aan sowat 5.6 persent van die ekonomies bedrywige bevolking werk verskaf (werkgeleenthede wat by S.A.B.T.-projekte bestaan is uitgesluit).

BYLAAG A

WERKGELEENTHEDE, GEVULDE POSTE VIR SUBBEROEPSGROEPE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG

| Beroepsgroep | Blank | | | Nie-Blank | | | Totaal Gevulde Pos[t] | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M* | V* | T* | M | V | T | M | V |
| Natuurwetenskaplikes en agronome | 2 | - | 2 | - | - | - | 2 | - |
| Medici, tandartse en paramediese werkers | 5 | 2 | 7 | - | - | - | 5 | 2 |
| Verplegingsberoepe | - | 16 | 16 | - | 242 | 242 | - | 258 |
| Tegnici en tegniese assistente | - | 1 | 1 | 11 | - | 11 | 11 | 1 |
| Onderwysberoepe | 18 | 6 | 24 | 532 | 393 | 925 | 550 | 399 |
| Regsberoepe en rekenmeesters | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Predikante en priesters | 16 | 1 | 17 | 74 | 5 | 79 | 90 | 6 |
| Skrywers, joernaliste en vertalers | - | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - |
| Sosiale werkers | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 |
| Uitvoerende en administratiewe beroepe (Owerheid) | 9 | - | 9 | 33 | - | 33 | 42 | - |
| Bestuursberoepe | 13 | - | 13 | 208 | 27 | 235 | 221 | 27 |
| Boekhouers ens. | 5 | - | 5 | 11 | 5 | 16 | 16 | 5 |
| Tiksters, snelskriftiksters | - | 1 | 1 | 5 | - | 5 | 5 | 1 |
| Klerke | 30 | 8 | 38 | 176 | - | 176 | 206 | 8 |
| Handelsreisigers | - | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - |
| Toonbankassistente ens. | 14 | - | 14 | 458 | 161 | 619 | 472 | 161 |
| Mynwerkers | 3 | - | 3 | - | - | - | 3 | - |
| Padvervoerwerkers | - | - | - | 124 | - | 124 | 124 | - |
| Kommunikasiewerkers | 2 | 2 | 4 | 46 | - | 46 | 48 | 2 |
| Polisie en verwante werkers | - | - | - | 47 | - | 47 | 47 | - |
| Losieshuis en verwante werkers | - | 10 | 10 | 13 | 37 | 50 | 13 | 47 |
| Diverse werkers in dienshoedanigheid | 1 | - | 1 | - | - | - | 1 | - |
| Ambagsmanne | | | | | | | | |
| (a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte | 2 | - | 2 | 1 | - | 1 | 3 | - |
| (b) Bou- en meubelambagte | - | - | - | 4 | - | 4 | 4 | - |
| (c) Toesighoudende ambagte | 2 | - | 2 | - | - | - | 2 | - |
| Vakleerlinge | | | | | | | | |
| (a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Ongekwalifiseerde ambagsmanne | | | | | | | | |
| (a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte | 1 | - | 1 | 4 | - | 4 | 5 | - |
| (b) Bou- en meubelambagte | 2 | - | 2 | 29 | - | 29 | 31 | - |
| Operateurs en halfgeskooldes | 3 | - | 3 | 117 | 7 | 124 | 120 | 7 |
| Arbeiders | - | - | - | 1618 | 355 | 1973 | 1618 | 355 |
| | 128 | 47 | 175 | 3513 | 1233 | 4746 | 3641 | 1280 |

M = Manlik
* V = Vroulik
T = Totaal

BYLAAG B

HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE WERKGELEENTHEDE VIR SUBBEROEPSGROEPE

| Beroepsgroep | Gevulde poste | Ongevulde poste | Huidige werkgeleenthede | Toekomstige werkgeleenthede |
|---|---|---|---|---|
| Natuurwetenskaplikes en agronome | 2 | 2 | 4 | 9 |
| Medici, tandartse en paramediese werkers | 7 | 7 | 14 | 20 |
| Verplegingsberoepe | 258 | 49 | 307 | 309 |
| Tegnici en tegniese assistente | 12 | 19 | 31 | 85 |
| Onderwysberoepe | 949 | - | 949 | 1612 |
| Regsberoepe en rekenmeesters | - | 4 | 4 | 4 |
| Predikante en priesters | 96 | 27 | 123 | 147 |
| Skrywers, joernaliste en vertalers | 1 | - | 1 | 3 |
| Sosiale werkers | 1 | - | 1 | 1 |
| Uitvoerende en administratiewe beroepe (Owerheid) | 42 | 1 | 43 | 51 |
| Bestuursberoepe | 248 | - | 248 | 250 |
| Boekhouers ens. | 21 | - | 21 | 19 |
| Tiksters, snelskriftiksters | 6 | 4 | 10 | 22 |
| Klerke | 214 | 89 | 303 | 312 |
| Handelsreisigers | 1 | - | 1 | 1 |
| Toonbankassistente ens. | 633 | - | 633 | 687 |
| Mynwerkers | 3 | - | 3 | 3 |
| Padvervoerwerkers | 124 | - | 124 | 128 |
| Kommunikasiewerkers | 50 | 7 | 57 | 57 |
| Polisie en verwante werkers | 47 | - | 47 | 47 |
| Losieshuis en verwante werkers | 60 | 1 | 61 | 60 |
| Diverse werkers in dienshoedanigheid | 1 | - | 1 | 14 |
| <u>Ambagsmanne</u> | | | | |
| (a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte | 3 | 1 | 4 | 4 |
| (b) Bou- en meubelambagte | 4 | - | 4 | 23 |
| (c) Toesighoudende ambagte | 2 | 10 | 12 | 29 |
| <u>Vakleerlinge</u> | | | | |
| (a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte | - | 14 | 14 | 14 |
| <u>Ongekwalifiseerde ambagsmanne</u> | | | | |
| (a) Elektrotegniese en werktuigkundige ambagte | 5 | 1 | 6 | 6 |
| (b) Bou- en meubelambagte | 31 | 14 | 45 | 46 |
| Operateurs en halfgeskooldes | 127 | 6 | 133 | 145 |
| Arbeiders | 1973 | 12 | 1985 | 2011 |
| | 4921 | 268 | 5189 | 6119 |

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

Doc 108404

Copy 108407